

NASIONALISME EN NEUTRALISME EN DIE UITBREEK VAN DIE TWEDE WÊRELDOORLOG:

'n Vergelyking van die faktore en omstandighede wat ontwikkelinge in die V.S.A., Suid-Afrika en Ierland bepaal het*

P.H. Kapp

Universiteit van Stellenbosch

Nationalism and neutrality and the outbreak of the Second World War

The article presents an analysis of the circumstances and factors that played a determining role in shaping the policies of the United States of America, the Irish Free State and the Union of South Africa at the outbreak of the Second World War. The idea of neutrality was a lively issue in all three countries, although the governments reacted differently to it. In the case of South Africa a major political storm developed over the issue of neutrality leading to a government crisis which left its scars on South African political history for the next ten years. Congress dictated a policy of strict neutrality for the U.S.A. but President Franklin D. Roosevelt deliberately undermined this policy, and gradually drew America deeper into the War. The strange form of neutrality was aptly described as unneutral neutrality. After the Japanese attack on Pearl Harbour the United States took over a leading role in the Allied War effort. The Free State of Ireland remained neutral throughout the war although the government in Dublin took no measures to restrict trade with the Allied Powers or to curb the recruiting of soldiers in Ireland. The government deliberately turned a blind eye to these developments because of the economic benefits it entailed.

The similarities and differences that evolved around the neutrality issue in these countries are outlined and compared. The important role of nationalism in all three is underlined, especially the strongly willed desire to demonstrate their independence and selfreliance. British power and domination was after all a dominant factor in the history and the contemporary politics of all three countries.

There were, however, important differences in the practical manifestations of this nationalism. In South Africa it was mostly the Afrikaner who supported the policy of neutrality to demonstrate their newly won independence from Great Britain, the erstwhile conqueror of the Afrikaner republics.

Irish nationalism was much more strongly developed and much more vivid than Afrikaner nationalism. The long history of struggle, resistance and antipathy left deep scars on Anglo-Irish relations. The unsatisfactory division of Ireland into two states made Irish nationalists determined to unite the Irish provinces in a single independent state.

In the case of the United States the special relationship that developed with Britain since the First World War directed the energy of American nationalism in a different direction. It was more an expression of complacent isolationism than of a desire to leave Britain alone.

While a dragged out constitutional wrangling between Congress and the President developed in America, the constitutional issue was of central importance in the case of South Africa and Ireland. South Africa's constitutional development was temporarily terminated with the enactment of the Status Act. This was not the case in Ireland where constitutional ties with Westminster were deliberately weakened during 1934-1937, culminating in the new unilateral constitution of 1937 which eliminated all references to the Crown. The opposition party in South Africa, the Purified National Party, was keen to stimulate a similar process in South Africa. They did not succeed to the same extent but the neutrality issue proved a very useful one.

The main conclusion in the article is that if General J.C. Smuts showed more political finesse and followed the Roosevelt pattern of gradually involving South Africa in the war, the political history of South Africa for the next 5-10 years could have been different. The Irish example never presented a serious practical option for South Africa.

Oorspronklik as referaat gelewer op die tweejaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Genootskap, 19-1-1990, R.A.U., Johannesburg.

In hierdie artikel word 'n vergelyking getref tussen die omstandighede en faktore wat by die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog 'n sterk gevoel van neutralisme in die Verenigde State van Amerika, Ierland en Suid-Afrika laat ontwikkel het. Die drie lande verteenwoordig drie verskillende reaksies op die neutraliteitsgedagte. In Suid-Afrika het die neutraliteitskwessie tot 'n regeringskrisis gelei wat vir die volgende tien jaar 'n belangrike politieke nawerking sou hê. In die V.S.A. is aanvanklik 'n streng neutraliteit deur die Amerikaanse Kongres gehandhaaf, maar dit is stelselmatig deur president Franklin D. Roosevelt afgewater, sodat daar inderdaad van Amerika se onneutrale neutraliteit gepraat is. Die V.S.A. het op al hoe meer indirekte wyses by die oorlog betrokke geraak, totdat die Japanese aanval op Pearl Harbour tot sy volskaalse toetrede gelei het. Ierland, daarenteen, het konsekwent dwarsdeur die oorlog neutraal gebly, maar geen poging aangewend om beperkings op handel met die Geallieerdes te lê nie of om die werwing van rekrute in Ierland te verbied nie. Ierland het in hierdie twee opsigte belangrike baat by die oorlog gevind.

Die verskille en ooreenkomste wat met die neutraliteitskwessie verband hou, word in die artikel uiteengesit. Die belangrikste ooreenkoms is die feit dat in die geval van al drie die state 'n duidelike nasionalistiese gevoel van handhawing van hulle selfstandigheid en onafhanklikheid jeens Brittanje, met wie elkeen van die drie state 'n besondere historiese ervaring beleef het, 'n bepalende rol gespeel het. Die aard van daardie nasionalisme het egter verskil. In die geval van die V.S.A. het dit veel sterker die stempel van 'n selfgenoegsame isolasionisme gedra. In Suid-Afrika se geval was dit veral die Afrikaner, wat deur neutralisme sy nuut verworwe selfstandigheid en onafhanklikheid teenoor die eertydse veroweraar, Brittanje, wou demonstreer en bevestig.

Ierse nasionalisme het 'n diepgewortelde afkeer van Brittanje geskep wat deur verset, stryd en onverskrokkenheid gekenmerk is. Noord-Ierland se inskakeling by die Verenigde Koninkryk was 'n sigbare en uiters sensitiewe twispunt; daarom kon Ierland nie maklik aan Britse kant tot enige oorlog toetree nie.

Die konstitusionele aard van die neutraliteitsvraagstuk het in die geval van Ierland en Suid-Afrika 'n besondere betekenis daaraan gegee. Terwyl Suid-Afrika se konstitusionele ontwikkeling by die aanvaarding van die Statuswet opgehou het, het die Iere stelselmatig verdere konstitusionele bande met Brittanje verbreek en in 1937 selfs 'n nuwe Ierse grondwet aanvaar wat alle verwysings na die Britse Kroon weggelaat het. In Suid-Afrika wou die Gesuiwerde Nasionale Party ook van soortgelyke konstitusionele kwessies politieke strydvrage maak. Die neutraliteitskwessie het uiteindelik geblyk die een te wees wat 'n werklike regeringskrisis geskep het.

Die artikel kom tot die gevolgtrekking dat indien Smuts die politieke vernuf besit het om Suid-Afrika die Amerikaanse pad van geleidelike oorskakeling van neutraliteit na aktiewe deelname te laat volg, politieke ontwikkelinge gedurende en na die oorlog waarskynlik anders sou verloop het. Die Ierse opsie was nooit werklik vir Suid-Afrika 'n praktiese politieke beleid nie.

Op 3 September 1939 het die Tweede Wêreldoorlog amptelik begin nadat die Derde Duitse Ryk nie op die Brits-Franse ultimatum oor Pole gereageer het nie. In Suid-Afrika het dit tot 'n regeringskrisis gelei wat dramatiese politieke ontwikkelinge tot gevolg gehad het waarvan die kort- en langtermyngevolge besonder betekenisvol was. 'n Nuwe partypolitieke skikkingsproses is aan die gang gesit wat die stryd tussen Afrikanernasionalisme en Britse monargisme belangrike nuwe wendinge sou laat neem. In die geskiedskrywing word hierdie gebeure altyd net binne die Suid-Afrikaanse konteks beoordeel. Dit het onder meer tot gevolg dat dit maklik tot 'n gevaarlike ooreenoudiging gereduseer word, as sou diegene wat teen Suid-Afrika se outomatiese deelname aan die oorlog gekant was, Nazi-meelopers was.

Die doel van hierdie artikel is om die Suid-Afrikaanse gebeure in 'n vergelykende perspektief met dié van die V.S.A. en Ierland te plaas, ten einde 'n aantal sleutelaspekte van die neutralistiese standpunt, wat ook in hierdie lande groot aanhang geniet het, te identifiseer; daarom sal eerstens op die posisie in elkeen van die drie lande gelet word met die oog daarop om te bepaal wat die wese van die

neutralistiese standpunt in elkeen was. Daarna sal op die ooreenkomste en verskille tussen die drie lande se ervaringe gelet word.

1. Neutralisme as beleid in die V.S.A.

Die standpunt dat die V.S.A. hom met die sake van die westelike halfrond besig moet hou, dat hierdie streek gevrywaar moet word van onaanvaarbare inmenging deur Europese grootmoondhede en dat die V.S.A. nie by die twiste en geskille van die Ou Wêreld met sy kwale en kwellinge wat uit sy Ou Orde gebore is, betrek moet word nie, het 'n lang geskiedenis gehad. Daarom moet veral vyf belangrike faktore onderskei word wat die ontwikkeling van 'n isolasionistiese standpunt (die Amerikaanse weergawe van neutralisme) in die V.S.A. bevorder het.

1.1 Faktore wat neutralisme bevorder het

1.1.1 Geografiese ligging

Die omstandighede wat tot die ontdekking van die Noord-Amerikaanse vasteland gelei het, die geweldige afstand wat hom van Europa geskei het en die groot kraginspanning wat dit gekos het om dié gebied te bereik, het gehelp om die indruk te bevestig dat hier inderdaad 'n Nuwe Wêreld was wat geografies van die omgewing van die Ou Beskawings en die Ou Wêreld afgesonder was en dus as sodanig eintlik deur die natuur bestem is om in afsondering te bestaan.

1.1.2 Historiese ontwikkeling

Die feit dat die meerderheid koloniste wat hulle in die dertien Amerikaanse kolonies gevestig het, mense was wat hul rug op Europa en die behandeling wat hulle daar ontvang het, gekeer het, het hierdie gevoel versterk. Tog sou politieke omstandighede dit nie vir hulle voor die Amerikaanse Vryheidsoorlog werklik moontlik maak om hulle van dié Europa en sy ewigdurende magstryd los te maak nie. Daarvoor was die Europese moondhede te betrokke by die sake van die Nuwe Wêreld. Kanada en die Mississippi-vallei was nog deur Frankryk beheer en Frankryk en Brittanje was geswore vyande in mededinging om mag. Tussen 1689 en 1763 het die Amerikaanse kolonies onder die voortdurende bedreiging van 'n Franse inval geleef. Onder hierdie omstandighede was hulle besonder afhanklik van Britse mag en beskerming, dieselfde mag teen wie hulle kort daarna in opstand sou kom. Ten spyte van die sterk afskeidingstrewe wat reeds in die kolonies begin posvat het, het hierdie afhanklikheid terselfdertyd 'n lojaliteit in sekere kringe geskep wat as 'n Anglo-Amerikaanse nasionalisme beskryf kan word - 'n lojaliteit wat hom juis teen isolasionisme sou verset.¹ Dit was eers toe die Britse mag die Franse invloed in Kanada in 1763 finaal geneutraliseer het dat die koloniste veilig genoeg kon voel om met vertroue hulle as immuun teen buitelandse aggressie te beskou. Hierdie omstandigheid het tot die derde belangrike faktor in die ontwikkeling van die isolasionistiese houding gelei, nl. die Amerikaners se selfvertroue dat hulle nie oor buitelandse aggressie bekommerd hoef te wees nie.²

1.1.3 Selfvertroue

Dit is met hierdie selfvertroue dat die V.S.A. na onafhanklikwording sy rol in die Nuwe Wêreld gespeel het en wat uiteindelik tot president James Monroe se beroemde uitspraak in sy boodskap aan die Amerikaanse Kongres op 2 Desember 1823 gelei het. In hierdie boodskap, wat Monroe as 'n standpuntstelling oor 'n spesifieke probleem bedoel het en nie as die formulering van 'n algemene oorkoepelende beginsel vir Amerikaanse buitelandse beleid nie, het hy dit gestel dat dit nie in die V.S.A. se belang is

M.H. Savelle, 'The appearance of an American attitude towards external affairs, 1750-1775', *American Historical Review* 52, Julie 1947, pp. 656-662.

R.H. Gabriel, *Main currents in American history* (New York, 1942), p. 22.

om by Europese oorloë betrokke te raak nie. Enige poging van Europese moondhede "to extend their system to any portions of this hemisphere (is) dangerous to our peace and safety." Die Monroeleer was nie in die eerste plek as 'n isolasionistiese beleid bedoel nie, maar as 'n waarskuwing aan die Europese moondhede om nie hul mededinging om mag na die Nuwe Wêreld oor te plant nie.³ Met verloop van tyd het die Monroeleer 'n status en betekenis gekry wat hoër en omvattender was as wat die oorspronklike bedoeling daarmee was. Dit het deel geword van die Amerikaanse instinktiewe nasionale geloof en het die volgende vyf grondslae van die Amerikaanse bestemming, soos dit graag vertolk is, neergelê.⁴

- Dit is die Amerikaanse roeping om bondgenootskappe of verpligtinge te vermy wat aan ander moondhede geleenthede bied om op hom 'n invloed uit te oefen wat die V.S.A. in bepaalde beleidsrigtings kon dwing.
- Die V.S.A. sal sover as wat enigsins moontlik is, 'n streng neutraliteit in Europese oorloë handhaaf en die idee van neutralisme positief bevorder ten einde die ongehinderde voortsetting van internasionale handelsaktiwiteite te verseker.
- Die V.S.A. se belang is geleë in die taak om ongehinderd die Noord-Amerikaanse kontinent te beset.

Die V.S.A. sal die oordrag van Amerikaanse grondgebied aan 'n nie-Amerikaanse mag teenstaan.

Die V.S.A. sal Europese state positief ontmoedig om nuwe grondgebied in die westelike halfmond te bekom.

Dié neutralisme was egter geen absolute isolasionisme nie. Dwaarsdeur die neëntiende eeu en tot met die Amerikaanse toetrede tot die Eerste Wêreldoorlog was daar veral twee kragte wat dit teengewerk het: die vredesbewegings⁵ en die strewe om Amerikaanse demokrasie en vryheidsideale na ander lande uit te voer in die oortuiging dat dit die beste metode sou wees om die wêreld van besmetting met die Ou Orde van Europa te vrywaar.⁶ Albei was hoogs idealistiese en streng ideologiese strewes.

1.1.4 Selfingenomenheid

Ten nouste verwant aan die selfvertroue waarmee Amerikaners veral ná 1823 hulle buitelandse beleid en internasionale verhoudinge beskou het, is die selfingenomenheid waarmee hulle liries geraak het oor die voortrefflikhede van die Amerikaanse lewenswyse en die Amerikaanse stelsel. Benjamin Franklin het al daarna verwys toe hy verklaar het dat "no nation known to us enjoys a greater share of human felicity."⁷ Thomas Jefferson het neerbuigend na Europa verwys en verklaar dat hulle nie in 'n duisend jaar dieselfde peil kan bereik wat die gewone man in die V.S.A. reeds bereik het nie.⁸

Ten spyte van die trauma van die Burgeroorlog en danksy die vinnige uitbreiding en ekonomiese ontwikkeling van die V.S.A. in die laaste dekades van die neëntiende eeu, is hierdie selfingenomenheid versterk en het dit deel van die Amerikaanse politieke lewenstyl of psige geword.

3. D. Perkins, *A history of the Monroe Doctrine* (Boston, 1955), pp. 189-192.

4. D. F. Drummond, *The passing of American neutrality, 1937-1941* (Ann Arbor, 1955), pp. 15-16.

5. M.E. Curti, *The American Peace Crusade, 1815-1860* (Durham, N.C., 1929), pp. 8-14.

6. J.F. Rippy, *America and the strife of Europe* (Chicago, 1938), hfst. 2.

7. *The works of Benjamin Franklin X* (red. J. Bigelow) (New York, 1904), p. 398.

8. *The works of Thomas Jefferson V* (red. P.L. Ford) (New York, 1904-1905), p. 153.

1.1.5 Die nawerking van die Eerste Wêreldoorlog

Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het die V.S.A. sy neutraliteit gehandhaaf en eers in 1917 aan Geallieerde kant tot die oorlog toetree. Die Duitsers se onbeperkte duikbootaanvalle is as rede vir toetrede aangevoer en is as 'n billike regverdiging aanvaar.⁹ Die feit van die saak is dat die verskaffing van noodsaaklike voorrade deur "neutrale" Amerikaanse skepe aan die Geallieerde Magte, uit die Duitsers se oogpunt beskou, die V.S.A. 'n faktor in die oorlog gemaak het. Woodrow Wilson se hoë verwagtinge dat die V.S.A. na die oorlog 'n leidende rol in die wêreld sou speel om die triomf van vryheid en demokrasie te verseker, is 'n harde slag toegedien deur die Senaat se verwerping van die Verdrag van Versailles en die Volkebond. Die opeenvolgende en betreklik onbenullige Republikeinse administrasies van die twintigerjare het 'n oorwegend nasionalistiese buitelandse en internasionale ekonomiese beleid gevolg. Die V.S.A. het hom uitsluitlik by sy eie belange bepaal. Tariewe is verhoog, hy het daarop aangedring dat sy Geallieerde bondgenote hul oorlogskuld aan hom moet betaal en hy het geweer om betrokke te raak by ooreenkomste wat van hom politieke waarborgs sou vereis of verpligtinge op hom sou plaas. Die Amerikaners se slagspreuk was: "Wat goed is vir die V.S.A. is goed vir die wêreld." Hul selfingenomenheid was tipies van die gees van die twintigerjare en kritiek hierop is gewoonlik beantwoord deur te verwys na die Kellogg-Briand Verdrag waardeur oorlog as instrument van nasionale beleid onwettig verklaar is.

Binne die kader van hierdie gesindheid het veral historici ondersoek ingestel na die vraag hoe dit gekom het dat die V.S.A. in alle geval by die Eerste Wêreldoorlog betrokke geraak het. Die aanvaarde standpunt dat die V.S.A. uit selfverdediging tot die oorlog toetree het, is verwerp en die teorie is ontwikkel dat die V.S.A. deur bankiers, geldmagte, wapenvervaardigers en wapenhandelaars in die oorlog gedwing is. Vooraanstaande historici soos Harry Elmer Barnes¹⁰ en Charles A. Beard¹¹ het hierdie oorlogskuldteorie onderskryf. Hierdie interpretasie het die Amerikaanse verbeelding beetgepak en die Senaat het 'n spesiale komitee onder voorsitterskap van Gerald P. Nye van Noord-Dakota benoem om die saak te ondersoek. Hul bevinding dat bankiers en die wapenbedryf enorme winste uit die oorlog gemaak het en die mag agter die Amerikaanse toetrede tot die oorlog was,¹² het 'n gees van ontugtering in die V.S.A. laat posvat en uitdrukkings soos "blood brotherhood" en "merchants of death" tot gevolg gehad. As in aanmerking geneem word dat dit depressietyd in die V.S.A. was toe dié "onthullings" gemaak is, kan die reaksie by die gewone publiek in perspektief gestel word. Amerika se toetrede tot die Eerste Wêreldoorlog is algemeen as 'n groot fout beskou.¹³

1.2 President Roosevelt se beleid

Dit is teen hierdie agtergrond dat president Franklin D. Roosevelt in die jare 1933-1939 Amerikaanse buitelandse beleid moes formuleer. Die mag in buitelandse beleidsformulering was in die hande van die Kongres, waar 'n sterk isolasionistiese

9. C. Seymour, *Woodrow Wilson and the World War* (New Haven, 1921).

10. H.E. Barnes, *The Genesis of the World War. An introduction to the problem of war guilt* (New York, 1926); H.E. Barnes, 'Assessing the blame for the World War', *Current History* 20, Mei 1924, pp. 171-195.

11. C.A. Beard, *The Devil Theory of War* (New York, 1936).

12. U.S. Congress Senate, Special Committee to Investigate the Munitions Industry, Senate Report No. 944 (USGPO, Washington, 1926).

13. Vgl. in hierdie verband C. Engelbrecht en F.C. Honigden, *Merchants of death: a study of the international armaments industry* (New York, 1934). Vir 'n bespreking van die Nye Komitee se verslag raadpleeg J.E. Wiltz, 'The Nye Committee revisited', *The Historian* 23, Februarie 1961, pp. 211-233. Vir 'n kritiese ontleding van die oorlogskuldteorie raadpleeg Selig Adler, 'The war guilt question and American disillusionment 1918-1928', *Journal of Modern History* 23, Maart 1951, pp. 1-28.

invloed gegeld het. Drie verskillende Neutraliteitswette is in hierdie tyd deur die Kongres aanvaar wat die President se optrede in buitelandse beleid aan bande gelê het.

Die Amerikaanse beleid was gevolglik tussen 1937 en 1941 nóg 'n onafhanklike, nóg 'n dinamiese beleid. Dit was 'n defensiewe beleid wat binne die grense van die neutraliteitswette gehanteer moes word en wat deur die optrede van ander regerings bepaal is. In plaas daarvan dat die Amerikaanse beleid gebeurde gelei het, is dit deur gebeurde gelei. Roosevelt kon dit nie waag om die isolasioniste uit te daag nie en openbare meningspeilings het duidelik getoon dat hy uiters versigtig moes wees om nie dié sterk nasionale sentiment te onderskat nie.¹⁴

Tussen die aanvaarding van die Derde Neutraliteitswet op 30 April 1937 en die Japanees aanval op Pearl Harbour op 7 Desember 1941 waardeur die V.S.A. regstreeks by die oorlog betrokke geraak het, het die Amerikaanse beleid deur twee ontwikkelingsfasies gegaan. Tot en met die val van Frankryk in Junie 1940 toe Duitsland se troepe triomfantlik die hele weskus van Europa beheer het, was Amerikaanse pogings om die verloop van gebeurde te beïnvloed beperk tot die gebruik van morele druk, wetlike argumente en ekonomiese maatreëls, wat almal so gerig was dat dit nie van die V.S.A. enige militêre en politieke waarborgs vereis het nie. Hoewel die V.S.A. nooit werklik onpartydig was nie,¹⁵ het hy hom tussen September 1939 en Junie 1940 gehou aan die beleid of konsep van formele neutraliteit.¹⁶

Tussen Junie 1940 en Desember 1941 het die V.S.A. al hoe verder wegbeweeg van formele neutraliteit en verskeie vorme van hulp aan Brittanje en later ook die Sowjet-Unie ontwikkel, sonder om formeel by die oorlog betrokke te raak. In werklikheid het die V.S.A. se status verander van 'n neutrale moonheid na 'n nie-vegtende moonheid.¹⁷

1.3 Wie was die neutraliste?

Die isolasioniste in die V.S.A. was geen homogene groep nie. Die feit dat hulle sterk verteenwoordiging in die Amerikaanse Kongres gehad het, dat die politieke stemming in die V.S.A. in hulle guns was en dat die ekonomiese toestande 'n pre-okkupasie met binnelandse vraagstukke meegebring het, het in hulle guns gewerk. Binne hul geleedere kan 'n aantal groepe onderskei word.

- Die leiers van die isolasioniste in die Senaat, senatore Johnson en Borah, was Progressiewes uit die westelike deelstate wat sterk aanhangers van Amerikaanse nasionalisme was. Hulle het 'n oorheersende rol in die Senaat se Komitee vir Buitelandse Sake gespeel waar hulle meesal 'n negatiewe standpunt ingeneem het om die V.S.A. se betrokkenheid by internasionale verdrae en verpligtinge te verhinder. Albei was besonder wantrouig teenoor Brittanje en het daarop aangedring dat die V.S.A. deurgaans 'n onafhanklike standpunt moet inneem en hom nie deur Britse belange op sleeptou moet laat neem nie.
- Buite die Kongres en die partypolitiek was dit veral die Committee to Defend America First wat hulle isolasionistiese standpunt op 'n sterk nasionalisme gebaseer het.¹⁸ Dit was nie 'n seksionele of partypolitieke

14. D.F. Drummond, *op. cit.*, p. 373.

15. Vergelyk in hierdie verband A.W. Dulles en H.F. Armstrong, *Can we be neutral?* (New York, 1936), p. 7, waar die standpunt gestel word dat neutraliteit as regs-konsep geen status in die internasionale reg het nie en dat daar geen aanvaarde definisie van die presiese regte en pligte van neutrale state is nie.

16. R. Divine, *The reluctant belligerent* (New York, 1965), pp. 65-92.

17. A. de Conde, *A history of American foreign policy* (New York, 1971), pp. 585-586.

18. W. S. Cole, *America first: the battle against intervention 1940-1941* (Madison, Wisc., 1953); J.W. Masland, 'Pressure groups and American foreign policy', *Public Opinion Quarterly* vol. 6, September 1942, p. 6; W. Johnson, *The battle against isolation* (Chicago, 1944), pp. 161-163.

organisasie nie en Republikeine sowel as Demokrate was aktief in die Komitee. Die meeste steun het wel van die Middewesterse Republikeine gekom terwyl dit geen steun in die Suide gehad het nie.¹⁹ Die Komitee het groot openbare steun van simpatie geniet omdat dit soveel klem op Amerikaners en hul belange gelê het. Dit het ook 'n mate van steun van anti-Semitiese groepe en Nazi-simpatiseerders getrek wat die beeld van die organisasie benadeel het.

In teenstelling met die nasionaliste was daar 'n groep, veral in die Kongres, wat 'n neutralistiese beleid gesteun het omdat hulle gekant was teen Amerikaanse deelname aan buitelandse oorloë. Hulle het veral by die revisionistiese geskiedskrywers aansluiting gevind en ekonomiese magte en spesiale belange as die vernaamste aanstokers van oorlog beskou. Hulle het die depressie ook beskou as 'n langtermyngevolg van die Eerste Wêreldoorlog. Onder hulle geleedere was senatore soos Gerald P. Nye, Robert La Follette (jr.) en George Norris.²⁰

- 'n Vierde groep was die passivistiese en vredesbewegings soos die American Peace Society, die World Peace Foundation en die Carnegie Endowment for International Peace. Hulle was teen alle oorlog gekant en het op totale ontwapening aangedring. Die mislukking van die Ontwapeningskonferensie van 1933 was vir hulle 'n groot teleurstelling en hulle het begin soek na iemand wat die blaam daarvoor kon dra.²¹ Die wapenvervaardigers en wapenhandelaars in die algemeen, en nyweraars en finansiers in die besonder, is deur hulle uitgesonder as die mense wat oorloë manipuleer en beheer. Deur dus op hierdie wyse by die revisionistiese standpunte aansluiting te vind, kon hulle by die neutraliteitsgedagte inskakel.

Japan se aanval op Pearl Harbour het al vier hierdie groepe in 'n posisie geplaas waar hulle nie meer hul standpunt werklik kon handhaaf nie. Hulle moes die onvermydelikheid van Amerikaanse deelname aan die oorlog aanvaar. Hul verwagting dat die V.S.A. na die oorlog weer na 'n isolasiebeleid sou kon terugkeer, is nie verwesenlik nie. Die veranderde situasie na die oorlog wat van die V.S.A. 'n besondere leierskapsrol in die ontwikkelende Koue Oorlog vereis het, was enersyds hiervoor verantwoordelik. Omdat die America First-beweging ook anti-kommunisties gesind was, was dit vir hulle belangrik dat die V.S.A. 'n verneme rol moet speel om die verspreiding van Kommunisme te verhoed; daarom het president Harry Truman die beleid van vaspenning of die Trumanleer eerder in ideologiese as pragmatiese terme aangebied. Daarmee het hy die steun van invloedryke Republikeinse groepe in die Kongres verseker en kon sy buitelandse beleid as 'n tweepartybeleid ontwikkel word.²²

Andersyds het president Roosevelt deur sy hantering van beleid doelbewus gepoog om nie Wilson se foute te herhaal deur die Republikeine te vervreem van sy beleid nie en deur sy beleid in terme van verhewe beginsels, soos onder meer vervat in die Atlantiese Handves, uit te druk.²³

19. W.S. Cole, 'America first and the South, 1940-1941', *Journal of Southern History* 22, Februarie 1956, pp. 36-47.

20. R.A. Divine, *The illusion of neutrality* (Chicago, 1962), pp. 94-101.

21. M. Curti, *Peace or war: the American struggle, 1636-1936* (New York, 1936); R.H. Ferrell, 'The American Peace Movement, 1933-1941', in A. da Conde (red.), *Isolation and security* (Durham, N.C., 1947), pp. 82-106.

22. P.H. Kapp, *Die oorsprong en ontwikkeling van die Koue Oorlog* (Privaat-uitgawe, Stellenbosch, 1985), pp. 303-304.

23. R.A. Divine, *The reluctant beligerent*, p. 67; A. da Conde, *A history of American foreign policy*, p. 600.

1.4 Implikasies en gevolge van neutralisme

Die implikasies en langtermyngevolge van die sterk isolasionistiese gesindheid in Amerikaanse buitelandse beleid het egter belangrike betekenis in die Koue Oorlog verkry. Die V.S.A. was nie voorbereid vir die omstandighede wat hy ná 1945 die hoof moes bied nie. Die houdinge en gedragsspatrone wat deur die beleid van isolasie geskep is, het in belangrike opsigte 'n geestesgesteldheid geskep wat die V.S.A. verhoed het om 'n gesofistikeerde en dinamiese diplomاسie vir die na-oorlogse toestand te ontwikkel. Omdat hy só lank aan binnelandse politieke sake voorkeur gegee het, het die V.S.A. dit na 1945 moeilik gevind om 'n ewewig tussen binnelandse en buitelandse beleidsbelange te vind.²⁴ Die V.S.A. het ook weinig begrip vir die ingewikkelde Europese statestelsel gehad en was eerder geneig om aan internasionale verhoudinge te dink as 'n toestand van natuurlike harmonie tussen state as een van natuurlike stryd en konflik, wat gehanteer en gebalanseer moes word. Daarom was die V.S.A. geneig om sy rol te vertolk as een van vinnige, beslissende en doelgerigte ingryping waardeur die orde herstel word.²⁵ Die feit dat die Koue Oorlog juis nie soiets moontlik gemaak het nie, maar lang, uitgerekte en gereelde krisisse verteenwoordig het, het dit vir Amerikaners 'n pynlike ervaring gemaak om hulle by hierdie situasie aan te pas.

Amerikaanse nasionalisme het ook tot uitdrukking gekom in die wyse waarop die V.S.A. homself beskou het as 'n samelewing wat moreel en polities superieur en verhewe bo ander was as gevolg van sy bepaalde demokratiese aard en kultuur; daarom was hy geneig om buitelandse beleid in terme van kruisvaarte vir die demokrasie en teen die magspolitiese spel te bedryf.²⁶

Laastens het die isolasionistiese tradisie 'n styl by die Amerikaners geskep om na elke oorlog 'n intensiewe selfondersoek te loods na waarom die V.S.A. by die oorlog betrokke geraak het. Dit het meermale tot 'n fundamentele hervertolking van die geskiedenis gelei en gewoonlik meegebring dat die pendulum tydelik in 'n ander rigting geswaai het. Hierdie revisionistiese hersiening het gewoonlik die gevolg gehad dat die Amerikaanse toetrede tot 'n oorlog heftig gekritiseer word, die regering se optrede veroordeel word en 'n oortuiging dat die Amerikaanse sekuriteit nooit bedreig was nie, ontwikkel word. In die geval van die Koue Oorlog in die besonder, sou hierdie karakteristieke styl belangrike invloed uitoefen.²⁷ Soos dikwels in die verlede, het kritici die aanwending van Amerikaanse mag en vermoëns om elders in die wêreld verandering, regstelling of hervorming deur te voer, as 'n vermorsing veroordeel. Dié kragte moes liewer aangewend gewees het om tuis 'n regverdige samelewing te skep. Sy internasionale kruisvaarte het die siel van die V.S.A. aangetas en gekorrupteer, is beweer.

Die erfenis van die isolasiebeleid het beteken dat die V.S.A. sy leierskapsrol van die vrye wêreld na 1945 sonder 'n sterk grondslag, goeie ervaring, duidelike langtermyn doelwitte en 'n verfynde diplomatieke styl moes aanpak. Hy was gevolglik nie in staat om sy politieke, militêre en ekonomiese magsfaktore ten beste te benut nie.

Saamgevat het dit beteken dat die gebeure ná 1945 sou moes aantoon "whether a nation, inwardly oriented and temperamentally impatient, with little experience in international politics, could adjust to the sudden demands of 'power politics', switching from isolationism to involvement ..."²⁸

24. J. Spanier, *American foreign policy since World War II* (New York, 1977), p. 18.

25. A.B. Ulam, *Dangerous relations* (New York, 1983), p. 23.

26. J. Spanier, *op. cit.*, p. 19.

27. P.H. Kapp, *op. cit.*, hfst. 1.

28. J. Spanier, *op. cit.*, p. 21.

2. Ierland se neutraliteit

Waar Amerikaanse neutraliteit as die gevolg van sy buitelandse beleid ontwikkel het en mettertyd vir 'n belangrike groep Amerikaners 'n funksie van Amerikaanse nasionalisme geword het, was Ierse nasionalisme van meet af die bepalende faktor in Ierse neutraliteit. Ierse nasionalisme was spesifiek teen Brittanje gerig en was as sodanig ten nouste gekoppel aan die geskiedenis van Brits-Ierse verhoudinge. Om Ierse nasionalisme te begryp, is dit nodig om die geskiedenis van sy stryd teen Britse oorheersing en dominasie te ken. Daar is min lande in die wêreld waar die bewussyn van die geskiedenis so lewendig en omvattend is as in Ierland.

2.1 Die kenmerke van Ierse nasionalisme

Kernagtig saamgevat sou die volgende as die wesenlike kenmerke van die Ierse nasionalisme uitgelig kan word:

- Die Iere se *historiese bewussyn* kan teruggevoer word na die klassieke tydperk van Ierland se Goue Era teen die vyfde eeu toe Ierland 'n prominente rol in die Christelike wêreld vervul het en volgens sy eie beeld "a land of saints and scholars" was. Dié verheerlikte klassieke erfenis word gekontrasteer met die periode van koloniale onderworpenheid aan Britse gesag en die verset, verbittering en stryd wat daaruit voortvloei het totdat die onafhanklikheidsstryd vanaf 1921 sy besondere momentum verkry het.

Die Iere se sterk *selfbewussyn* is deur hierdie stryd en verset gevorm en het hulle voortdurend daarvan bewus gemaak dat hulle 'n klein minderheidsgroep is teenoor die uitgebreide en omvattende Britse mag. Dit is hierdie selfbewussyn wat hulle in staat gestel het om ten spyte van die massiewe emigrasie na veral die V.S.A. nog 'n sterk identiteitsband met mekaar en die moederland te behou.

Die historiese bewussyn van eeue van Britse onderdrukking en die selfbewussyn van langdurige miskennings het by die Iere 'n *aggressiwiteit* en *onverskrokkenheid* geskep wat o.m. tot uitdrukking kom in groepe se bereidheid om terreur en geweld aan te wend om hul doel te bereik. Dit het ook by hulle 'n selfstandigheidsgees geskep wat beteken het dat hulle dikwels bereid was om ter wille van hul oortuigings net op hulleself staat te maak ten einde hul doel te bereik. Die name wat politieke partye gekies het, weerspieël hierdie onafhanklikheidsgees. Een van die groot politieke partye, Sinn Féin, beteken letterlik "ons alleen".

Dit is hierdie individualisme wat meegewerk het dat Ierse nasionaliste nooit hulleself in een enkele politieke party kon verenig nie. Partypolitieke permutasies, *twis en verdeeldheid* is deel van die Ierse geskiedenis. Die klasseverdeling en die gaping tussen stad en platteland en diepgaande verskille oor beleidsopsies ten opsigte van die verhouding met Groot Brittanje, het hierdie toestand vererger. Daarom is dit des te merkwaardiger dat die besluit in 1939 om neutraal te bly, 'n eenparige besluit van die verskillende politieke partye was.²⁹

Die Ierse *kulturele bewussyn* en identiteit is waarskynlik die mees wesenlike element van Ierse nasionalisme. Ierse gewoontes, tradisies, gebruike, sang en musiek, sport en ontspanning, en die Ierse lewenswyse word gekoester en bewaar teen die meesleurende mag van die Engel-Saksiese invloed. Die Ierse taal en die geweldige koste wat aangegaan is, moeite wat gedoen is en inspanning wat aangewend is om

29. L. de Paor, *The peoples of Ireland* (Londen, 1986), p. 311

die taal te laat herleef en dit weer te vestig onder die verengelsde Ierse bevolking, is op kultuurgebied die mees dramatiese beliggaming van die strewe na 'n solidêre Ierse identiteit.³⁰

Die *afskeiding* van Noord-Ierland in 1921 as 'n aparte provinsie wat deel van die Verenigde Koninkryk sou bly, het in die Ierse Vry Staat, soos die suidelike graafskappe ná 1921 bekend sou staan, groot bitterheid en verset geskep. Ierland is 'n eenheid, is hul standpunt, en moet as sodanig erken en behandel word. Brittanje is vir hierdie separatisme verantwoordelik gehou. Die strewe om Ierland te verenig is dan ook een van die belangrike dryfvere van Ierse nasionalisme. Die feit dat Ierland oor hierdie strydpunt by meer as een geleentheid in 'n burgeroorlog gewikkel was, het die verdelingslyn verskerp en die verbittering verhoog.

Aan die wortel van die verdeling van Ierland lê natuurlik die *godsdienstwis* tussen die oorwegend Rooms-Katolieke suide en die Protestantse meerderheid in Ulster. Omdat laasgenoemde in 'n noue verbintenis met Brittanje 'n verskansing van hul posisie sien, is hulle uiters lojaal aan die Engel-Saksiese band. Die suide, darenteen, is so gefrustreer deur die Britse dominasie en hul onvermoë om die Britse beleid te verander en Ulster in te lyf, dat daar sterk haatgevoelens teen Brittanje bestaan. Alle Ierse nasionaliste is egter nie Rooms-Katolieke nie. Belangrike figure in hul geledere is wel Protestante, maar dan Protestante wat hulle met die Ierse nasionale strewe vereenselwig het.

2.2 Die aard van Ierse neutraliteit

Soos in Suid-Afrika het die neutraliteitskwessie in Ierland ook ten nouste verband gehou met konstitusionele kwessies en in besonder met die ontwikkeling van dominiale status kragtens die Balfour-verklaring en wat daarop gevolg het. Die totstandkoming van die Ierse Vry Staat in 1921 is nie deur Ierse nasionaliste as 'n oplossing vir hul strewe na volledige republikeinse onafhanklikheid beskou nie. Hulle het dit beskou dat hulle nie 'n werklik vrye staat is nie en dat hulle in 'n vrye assosiasie ingedwing is.³¹ Daarom het Ierland 'n belangrike rol op die Imperiale Konferensies van 1926 en 1930 gespeel om die dominiums losgemaak te kry van Britse oorheersing. Die eed van getrouheid aan die Britse vorstehuis is in 1933 afgeskaf, die amp van Goewerneur-generaal in 1936 en alle verwysings na die Kroon is in die nuwe Ierse grondwet van 1937 weggelaat. Deur hierdie grondwet het Ierland - of Eire soos hy mettertyd bekend sou staan kragtens art. 4 - sy soewereine onafhanklikheid herbevestig en beklemtoon dat die "national territory consists of the whole island of Ireland, its islands and territorial seas." Met ander woorde Noord-Ierland is *de jure* as deel van Ierland beskou hoewel dit nie *de facto* die geval was nie. Brittanje het die nuwe grondwet met skeptisisme bejeën en dit as strydig met die ooreenkoms van 1921 beskou.

Ierland se besluit om neutraal te bly, was bedoel om hierdie nuut verworwe soewereiniteit bo alle twyfel te bewys deur te demonstreer dat Ierland nie 'n dominium van Brittanje was nie, maar 'n onafhanklike staat wat wel eksterne assosiasies met Brittanje het.³² Daarmee wou Ierland ook sy sterk teenkanting teen Brittanje se beleid in Noord-Ierland demonstreer en bevestig dat geen Ierse bloed in Britse belang gestort sou word nie.³³

Vir De Valera as Ierse Eerste Minister was neutraliteit van die grootste belang. Hy het dit verhef van 'n negatiewe beleid tot 'n waardige nasionale beginsel vir die Ierse volk waardeur hy sy selfrespek teenoor Brittanje kon bevestig. In werklikheid het

30. M. Ayearst, *The Republic of Ireland* (Londen, 1971), pp. 67-74.

31. N. Mansergh, *The Commonwealth experience* (Londen, 1969), p. 208.

32. H. Harrison, *The neutrality of Ireland: why it was inevitable* (Londen, 1942), pp. 20-21

33. R.H. Hull, *The Irish Triangle* (Princeton, 1976), pp. 102-103.

neutraliteit ontwikkel van 'n negatiewe demonstrasie wat teen Brittanje en sy rol in Ierland gemik was, tot 'n deel van die Ierse nasionale tradisie.³⁴ Maar die Ierse bevolking was nie eenparig in hul ondersteuning van die beleid nie. Die Anglo-Iere het lojaal aan Brittanje gebly, maar moes hulle in die situasie berus. Die Ierse regering het dwarsdeur die oorlog sy neutraliteit konsekwent gehandhaaf. Tog is daar in belangrike opsigte van volledige neutraliteit afgewyk.³⁵

- Die Ierse regering het groot getalle Ierse vrywilligers toegelaat om by die Britse magte aan te sluit. Meer Iere uit die suide as uit die noorde het aangesluit.
- Brittanje is toegelaat om arbeiders vir sy fabrieke in Ierland te werf - arbeiders wat belangrik was om die oorlogspoging suksesvol deur te voer.
- Dwarsdeur die oorlog het Ierland ongehinderd voedsel na Brittanje uitgevoer en groot voordeel uit hierdie vergrote mark getrek.

Dit was duidelik dat Ierland langs hierdie weë meer hulp aan die Geallieerdes verleen het, as wat hy as 'n aktiewe oorlogvoerende dalk kon lewer.

2.3 Gevolge van Ierse neutraliteit

Naas die lojale pro-Britse Anglo-Iere het die Ierse regering ook te kampe gehad met die ekstremistiese republikeine van die Ierse Republikeinse Leër wat graag 'n Duitse oorwinning in die oorlog wou sien, sodat hulle die geleentheid kon gebruik om 'n Ierse Republiek uit te roep. Deur streng sensuurwette het De Valera hul optrede aan bande gelê.³⁶

Maar Ierland se strewe om republikeinse onafhanklikheid te bereik, is deur sy neutraliteit onderskraag en in 1949 is die belangrike stap uiteindelik geneem om Ierland in 'n republiek te omskep en die status van 'n geassosieerde van Brittanje buite die Statebond te bevestig.

Neutraliteit het die moontlikheid van 'n inlywing van Noord-Ierland nog onwaarskynliker gemaak. Ná 1949 het die twee dele van Ierland eerder verder weg van mekaar beweeg.

3. Suid-Afrika en neutraliteit

Anders as in die V.S.A. en Ierland het die begeerte na neutraliteit in Suid-Afrika nie geslaag nie en het Suid-Afrika vanaf die uitbreek van die oorlog aan Brittanje se kant tot die oorlog toetree. Die neutraliteitskwessie het egter 'n regeringskrisis in Suid-Afrika geskep en tot 'n heftige politieke stryd aanleiding gegee. Anders as in Ierland het die lojale pro-Britse groepe in Suid-Afrika in die geskiedkundige parlementêre debat van 4 September 1939 'n skrale meerderheid van 80 teen 67 behaal. Die vreemde optrede van goewerneur-generaal Patrick Duncan, wat verkies het om eerste minister J.B.M. Hertzog se versoek om 'n ontbinding van die parlement en 'n algemene verkiesing te weier en genl. J.C. Smuts te versoek om 'n nuwe regering saam te stel, het op onortodokse wyse verseker dat die pro-oorlogse ondersteuners aan bewind gekom het. Hulle sou dwarsdeur die oorlog aan bewind bly en in die algemene verkiesing van 1943 'n maklike oorwinning behaal.³⁷ Dit was veral moontlik omdat die oorlogskwessie die anti-oorlogsgesindes in 'n toestand van verdeeldheid en onderlinge twis gelaat het.

34. 'Ireland - the implications of neutrality', *Round Table* 32, 1942, p. 497).

35. R.M. Smyllie, 'Unneutral Neutral Eire', *Foreign Affairs* 24, 1946, p. 325.

36. 'Ireland - the implications of neutrality', *Round Table* 32, 1942, p. 498.

37. S.L. Barnard en A.H. Marais, *Die Verenigde Party, die groot eksperiment* (Durban, 1982), pp. 44-51.

Die neutraliteitskwessie het in werklikheid die einde van Herzog se politieke loopbaan beteken en vir hom persoonlik groot ontugtering en teleurstelling gebring.³⁸ Sy poging sedert 1933 om politieke versoening tussen Engelse en Afrikaners tot stand te bring, het gefaal op die punt wat dr. Malan en die Gesuiwerde Nasionale Party voorspel het dat dit sou gebeur: Hertzog se Engelse bondgenote in die Verenigde Party se lojaliteit aan Brittanje was sterker as hul begeerte tot politieke versoening met die Afrikaner.³⁹

3.1 Nasionalisme in Suid-Afrika

Die strewe na neutraliteit was 'n strewe van Afrikaners en is gewortel in die geskiedenis van hul verhouding tot Brittanje. Dit was dus in hierdie opsig soortgelyk aan die Iere se posisie hoewel veel minder intens. Dit het ook soos in Ierland ná 1920 ten nouste verband gehou met die konstitusionele kwessies soos dit uit die ontwikkeling van dominiële status sou voortvloei. Soos die Amerikaanse nasionaliste was die Afrikanernasionaliste ook van oordeel dat Suid-Afrika hom nie deur Brittanje op sleeptou moet laat neem nie.

Vir die doel van 'n vergelyking met die Ierse en Amerikaanse situasies kan die wesenselemente van Afrikanernasionalisme soos volg saamgevat word:

- Soos by die Iere is 'n *sterk historiese* element aanwesig wat teruggevoer kan word na die ontluikende Afrikanernasionalisme van die neëntiende eeu en sy mededinging en stryd teen Britse mag en imperialisme wat kulmineer in die gewapende stryd van 1899-1902, die Anglo-Boereoorlog. 'n Sterk anti-Britse gevoel, groot wantroue in Brittanje en 'n diepgewortelde begeerte om die republikeinse onafhanklikheid te herstel, het hieruit voorgevloei en sou in die politieke ontwikkelinge van ná 1910 voortbestaan.

Naas hierdie politieke element van Afrikanernasionalisme was daar ook die *rasse-element*: die begeerte van die blanke Afrikaners om hulleself te verskans deur nie gelyke politieke regte aan Swartes, Bruines en Asiërs te verleen nie. Die Britse beleid in sy kolonies, die Kaap en Natal, was juis om te probeer wegbeweeg van 'n diskriminerende beleid deur kanale te skep waarlangs politieke regte vir almal in die teorie moontlik sou wees. Dit het die agterdog, wantroue en afkeur in die Britse konneksie versterk.

Die *kulturele element* is 'n belangrike faktor in Afrikanernasionalisme soos in Ierse nasionalisme. Die Taalbewegings, die vestiging van 'n eie taal en die opbou van 'n kultuurlewe uit die grond uit en dit binne 'n betreklik kort tyd, was 'n merkwaardige aspek van die Afrikaner-renaissance wat ná 1910 besondere implikasies sou hê. Die grondwet van 1910 het vir gelyke beregtiging van die twee amptelike landstale voorsiening gemaak. Die onvermoë om dit in die praktyk toe te pas, was een van die belangrikste aanleidende oorsake tot genl. Hertzog se botsing met eerste minister Louis Botha. Hierdie botsing het uiteindelik tot die stigting van die Nasionale Party in 1914 gelei. Hertzog se tweestroombeleid, wat volwaardige, gelyke en prakties toegepaste erkenning aan die Afrikaanse en Engelse taal en kultuur wou gee, het in 'n politieke stryd getree met die Suid-Afrikaanse Party se eenstroombeleid, wat dié twee kulture tot 'n eenheid wou saamvoeg. Hierdie stryd het van kulturele Afrikanernasionalisme 'n belangrike politieke faktor gemaak.

38. J.H. le Roux, P.W. Coetzer, A.H. Marais (reds.), *Genl. J.B.M. Hertzog, sy strewe en sy stryd II*, (Johannesburg, 1987), pp. 726-748.

39. A. van Wyk, *Vyf dae* (Kaapstad, 1985), pp. 132-142.

- Die *konstitusionele* kwessie het met hierdie politieke verdelingslyn verband gehou. Met sy spreuk "Suid-Afrika Eerste" wou Hertzog Suid-Afrika ontvoog van Britse dominasie. Nadat hy in 1924 Eerste Minister geword het, het Hertzog 'n leidende rol gespeel in die Imperiale Konferensies, waartydens 'n ooreekoms met Brittanje bereik is dat die dominiums volwaardige en gelyke state met soewereine onafhanklikheid is, saamgebind deur 'n gemeenskaplike lojaliteit aan die Britse Kroon. Nadat hierdie nuwe status wetlik beliggaam is in die Statuut van Westminster (1931) en die Statuswette (1934), het baie mense in Suid-Afrika gemeen dat die konstitusionele kwessie finaal afgehandel is.
- 'n Laaste element van Afrikanernasionalisme wat in hierdie verband van belang is, is die *ekonomiese* posisie van die Afrikaner. Die verarmingsproses wat in die loop van die twintigste eeu ingetree het en veral ná 1918 akuit geword het, het tot die begeerte gelei om die Afrikaner ekonomies op te hef. Kongresse en ondernemings in hierdie verband is van tyd tot tyd geloods en het 'n hoogtepunt in 1939 bereik met die Ekonomiese Volkskongres en die ontwikkelinge wat daaruit voortgevloei het.

Die groeiende Afrikanernasionalisme wat meegewerk het om Hertzog in 1924 aan bewind te bring, het teen die dertigerjare 'n lewenskragtige fase betree. Die depressie en die ekonomiese probleme wat daaruit voortgevloei het, het egter op politieke gebied 'n nuwe faktor in die spel gebring. Dit was hierdie omstandighede wat Hertzog laat besluit het om eers in 'n koalisie met sy politieke opponent, die Suid-Afrikaanse Party, te tree en later saam te smelt om 'n nuwe politieke party, die Verenigde Party, te vorm. Dit het tot 'n skeuring in sy eie party gelei omdat dr. Malan as leier van die Kaaplandse Nasionale Party nie met dié samesmelting saamgestem het nie. Die Gesuiwerde Nasionale Party het op die grondslag van die ou Nasionale Party bly voortbestaan en die amptelike opposisie gevorm.

3.2 Die neutraliteitsvraagstuk as politieke kwessie

Genl. Hertzog, die politieke vader van die Afrikaner se nasionalisme, het hom hierna toenemend in die posisie bevind dat hy deur daardie selfde nasionalisme geopponeer is en dat hy dit moes beveg - 'n stryd wat veral vanaf 1936 al hoe bitsiger en heftiger geword het. Hy moes sy beleid verdedig in terme van dieselfde versoeningsbeleid waarteen hy hom sedert 1912 verset het. Hertzog het hierdie teenstelling probeer oplos deur die standpunt te huldig dat die Statuswette die konstitusionele strydvraag beëindig het. Die beleid van Suid-Afrika Eerste het geseëvier en Suid-Afrika het die einde van die konstitusionele pad bereik. Daarom moes die strydbyle van die verlede tussen Afrikaners en Engelse begrawe word en moes hulle saamwerk om die ekonomiese en rassevraagstukke op te los.

Die Nasionale Party as opposisie, daarenteen, het weer geargumenteer dat die konstitusionele vraagstuk juis nie finaal opgelos is nie en dat Hertzog homself en sy verlede gekompromiteer het deur samesmelting. Daarom het die Nasionale Party doelbewus op konstitusionele kwessies gekonsentreer en dit waaroor Hertzog en Smuts ooreengekom het om oor te verskil⁴⁰ tot groot politieke strydpunte probeer verhef. Dit het veral oor drie konstitusionele kwessies gehandel: die reg van Suid-Afrika om hom in sy eie belang van die Statebond af te skei (sesessie); die vraag of die Britse vors as sodanig koning van Suid-Afrika is of as spesiaal daartoe aangewys deur 'n besluit van die Suid-Afrikaanse Parlement (die sogenaamde deelbaarheid van die Kroon) en Suid-Afrika se reg om neutraal te bly, sou Brittanje in

40. M.J. Grimbeek, *Politieke verhoudinge tussen genls. J.B.M. Hertzog en J.C. Smuts gedurende die tydperk 1933-1939* (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van die O.V.S., 1978), pp. 237-293.

'n oorlog betrokke raak. Dit was reeds voor samesmelting Hertzog se standpunt dat Suid-Afrika sy soewerein onafhanklike status ten beste sou kon demonstreer deur nie outomaties aan die kant van Brittanje tot 'n oorlog toe te tree nie. Hertzog se standpunt was dus in ooreenstemming met dié van die Amerikaanse en Ierse nasionaliste. Smuts het die teenoorgestelde standpunt gehuldig.

Met die oplaaierende spanning in Europa het die neutraliteitskwessie ná 1938 al hoe neteliger geword. Die onaangename herinneringe aan die Eerste Wêreldoorlog en die Rebelle van 1914 het daarvan 'n werklik netelige politieke kwessie gemaak. Hertzog sou inderdaad deur dié kwessie voor 'n moeilike toets geplaas word: sou hy nie neutraliteit kies nie, kon dit tot hewige reaksie en 'n herhaling van die gebeure van 1914 lei en sy naelstring met die Afrikaners sou finaal deurgeknip word. Hy sou daardeur ook sy eie beginselstandpunt verloor.

Tussen 1934 en 1939 is konstitusioneelverwante kwessies en insidente voortdurend van Nasionale Partykant benut en uitgebuit. Appél na die Geheime Raad in Brittanje, die aanwesigheid van Britse offisiere in die geselskap van die Goewerneur-generaal, die vlag- en volksliedkwessie is voorbeelde hiervan. Ná 1936 het die Nasionale Party die totstandbrenging van 'n republiek as een van die grondslae van sy beleid aanvaar wat 'n nuwe faktor in die konstitusionele debat gebring het.⁴¹

Hertzog het heftig gereageer op die Nasionale Party se aanvalle en kritiek, wat aan die politiek 'n besondere dimensie gegee het.⁴² In Afrikanergeleedere is dit as 'n broedertwis beleef, 'n twis wat op die persoonlike vlak heelwat wrywing en spanning geskep het. Dit is teen hierdie agtergrond dat die Voortrekkereuefees van 1938 besondere belewinge geskep en emosies wakker gemaak het. Die Nasionale Party het veel nouer aansluiting hierby kon vind as die Verenigde Party, omdat hy hom met energie en entoesiasme as 'n volksbeweging eerder as 'n politieke party aangebied het.

Dit was teen hierdie agtergrond dat Hertzog, veral in die loop van 1939, by herhaling die standpunt gestel het dat Suid-Afrika in geval van 'n Europese oorlog nie outomaties aan die kant van Brittanje tot die oorlog sou toetree nie. In sy hantering van die neutraliteitskwessie het Hertzog 'n aantal flaters begaan: hy het hom nie deeglik genoeg voorberei vir die parlementêre en konstitusionele hantering van die saak nie; hy was te goedgeelowig teenoor generaal Smuts; hy het te veel op dr. Malan se steun staatgemaak en nie behoorlik bereken of dit hom van 'n meerderheid sou verseker nie en in sy toespraak in die Volksraad het hy 'n groot fout gemaak deur sy onkritiese opmerkings oor Hitler.⁴³ Dit het die oorwinning aan die pro-oorlogsgesinde voormalige SAP-lede in die kabinet en in die Volksraad besorg en 'n nuwe fase in die Suid-Afrikaanse politiek ingelui.

3.3 Die implikasies en gevolge vir die neutraliste

Hierdie gebeure het nie die langverwagte herstel van partypolitieke eenheid tussen gewese Nasionaliste geskep nie. Ironies genoeg het Hertzog se ontnugtering met Smuts en die ou Unioniste nie werklik tot die herstel van politieke eenheid onder Afrikaners gelei soos so plegtig op 6 September 1939 by Monumentkoppie voorsien is nie. Groter twis en verdeeldheid sou volg.

Die seergemaakte Hertzog het met hardkoppigheid probeer om sy eie beleidsformulering binne die Herenigde Nasionale Party aanvaar te kry.⁴⁴ Ewe hardkoppige politieke leiers van die Nasionale Party, wat teleurgesteld was in Hertzog

41. D.W. Kruger, *The age of the Generals* (Johannesburg, 1958), p. 180.

42. Sentrale Argiefbewaarpark (hierna S.A.B.), Pretoria: Hertzog-versameling A32, Band 111, bevat 'n verskeidenheid dokumente hieroor.

43. A. van Wyk, *op. cit.*, p. 121; L.J. van der Westhuizen, *Die neutraliteitsvraagstuk as verdelingsfaktor in die Suid-Afrikaanse politiek met besondere verwysing na die rol van genl. J.B.M. Hertzog* (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van die O.V.S., 1983).

44. J.H. le Roux, P.W. Coetzer, A.H. Marais (reds.), *op. cit.*, p. 729.

se besluit in 1934 om die Nasionale Party met die Suid-Afrikaanse Party te laat saamsmelt en hom daarom as politiek onbetroubaar beskou het, was vasberade dat Hertzog nie die republikeinse strewe sou afwater nie.⁴⁵ Gevolglik was hereniging 'n onvolledige proses en het 'n groep van Hertzog se volgelingen as die Afrikanerparty voortbestaan. Dit was egter die kleinste van die twiste wat in die geleedere van die neutraliste geheers het. Die Ossewa-Brandwag, met sy strewe om 'n republiek op die korttermyn tot stand te bring,⁴⁶ die Nuwe Orde en Oswald Pirow, met sy strewe na ingrypende politieke en ekonomiese veranderinge,⁴⁷ die Gryshemde van Louis Weichardt, met sy pro-nasionaal-sosialistiese simpatie⁴⁸ en Manie Maritz, met sy Boerenasie-beweging⁴⁹ was almal nuwe bewegings wat in die besondere gees en omstandighede van die stryd 'n geleentheid gesien het om op verskillende wyses 'n nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika te skep.

Indien Hertzog se neutraliteitsmosie geslaag het, sou Suid-Afrika, soos Ierland, dwarsdeur die oorlog neutraal gebly het, al was dit op 'n afgewaterde wyse soos die V.S.A. of sou hy op 'n bepaalde tydstip tog tot die oorlog moes toetree? Dit is 'n spekulatiewe vraag, waarop 'n ondubbelsinnige antwoord nie moontlik is nie. Daar is 'n aantal omstandighede wat daarop dui dat 'n neutrale Suid-Afrika wel op 'n stadium tot die oorlog sou toegetree het.

Eerstens, sou 'n neutraliteitsbesluit die politieke angel uit die oorlogskwessie getrek het. Soos in Ierland sou vrywilligers uit Suid-Afrika stellig aan die oorlog kon deelneem het sonder dat mense daartoe gedwing is. Handel met Brittanje en die benutting van die Simonstadse geriewe sou kon voortgaan.

Tweedens, het die uitbreek van die oorlog in die Ooste 'n nuwe situasie geskep met betrekking tot die beveiliging van die seeroete en sou Suid-Afrika bes moontlik aan die kant van die V.S.A., eerder as van Brittanje, tot die oorlog toegetree het.

Derdens, sou die verloop van die oorlog self sy eie invloed laat geld het. Aanvanklik het dit gelyk asof Duitsland die oorlog sou kon wen. Sommige politieke leiers in Suid-Afrika het gemeen dat ingeval van 'n Britse ineenstorting, Suid-Afrika hom neutraal moet verklaar en 'n republikeinse staatsvorm tot stand moet bring.⁵⁰ Toe die Geallieerdes die oorhand begin kry en dit duidelik geword het dat Duitsland nie sou wen nie, het die Geallieerde bondgenootskap, veral as gevolg van die V.S.A. se rol, ook vir die anti-oorlogsgesindes in Suid-Afrika 'n nuwe betekenis begin kry. Rusland se moontlike toekomstige rol het nou die aandag begin trek.

Vierdens, anders as in die V.S.A. en Ierland, was neutraliteit in Suid-Afrika eerder 'n pragmatiese beleid wat deur heersende politieke toestande gevorm is, as wat dit 'n diepgewortelde beginsel was. Dit word weerspieël deur die feit dat die Herenigde Nasionale Party na sy bewindsoorname in 1948 'n aktiewe buitelandse beleid gevolg het. Die nouste betrekkinge is met die Statebond gehandhaaf, die Amerikaanse buitelandse beleid in die Koue Oorlog is aktief ondersteun, in só 'n mate dat Suid-Afrika selfs troepe na Korea gestuur het, en Suid-Afrika was een van die eerste lande om die nuwe staat Israel amptelik te erken. Suid-Afrika het dus die Amerikaanse eerder as die Ierse voorbeeld gevolg.

Neutraliteit in Suid-Afrika het dus nie op enige verhewe beginsel berus nie: dit moet teen die agtergrond van die geskiedenis en invloed van Afrikanernasionalisme en die besondere politieke toestande wat ná 1934 in Suid-Afrika geheers het, begryp word. Daar was geen Monroeleer of direkte twis met Brittanje soos in die geval van

45. S.A.B., Pretoria: J.G. Strijdom-versameling A2, Band 50, pp. 8-9: Strijdom-Swart, 9-1-1939.

46. P.F. van der Schyff (e.a.), *Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag I-VI* (Ongepubliseerde studie, Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., 1984) (Kopie by RGN).

47. F.J. van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek 1939-1948*, p. 163 e.v. (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die O.V.S., 1983).

48. Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Bloemfontein: PV29, L.T. Weichardt-versameling, kasset 42, Persoonlike mededelings.

49. Ossewa-Brandwag-argief, Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.: Die Boerenasie: Program van Beginsels.

50. *Die Transvaler*, 16 en 17-11-1941.

Noord-Ierland aanwesig nie. Neutraliteit het dus nie 'n tradisie in Suid-Afrika kon vestig nie.

4. Ooreenkomste en verskille tussen die drie lande

Die ooglopendste ooreenkoms tussen hierdie drie lande se neutraliste is die feit dat hulle daarteen gekant was dat hul lande outomaties aan buitelandse oorloë gekoppel word. Tweedens, dat hierdie standpunt oorwegend, hoewel veral t.o.v. die V.S.A. nie uitsluitlik nie, aan 'n sterk nasionalistiese gevoel verbonde was. Derdens, dat hierdie neutralistiese benadering in verband gestaan het met intense binnelandse politieke verskille en mededinging, en dat die neutraliteitsvraagstuk as sodanig in elkeen van hierdie lande met 'n bepaalde politieke twis of strydvraag verbind was.

Hierdie ooreenkomste gaan gepaard met belangrike verskille tussen hierdie lande op elkeen van hierdie drie terreine. Die redes waarom die neutraliste nie outomaties aan buitelandse oorloë gekoppel wou wees nie, het in belangrike opsigte verskil. In die geval van die V.S.A. was dit 'n uitvloeisel van 'n bepaalde benadering tot Amerikaanse buitelandse beleid. In die geval van Suid-Afrika was dit deel van die historiese konstitusionele stryd en in Ierland was dit 'n manifestasie van protes teen die Britse beleid ten opsigte van Noord-Ierland.

Nasionalisme in die V.S.A. was 'n uiting van die Amerikaanse strewe om 'n nuwe samelewing, vry van die swakhede en tekortkominge van die Europese orde daar te stel wat as model vir die wêreld kon dien. Daar was geen anti-Britse gevoel of oorgelewerde twispunte met Brittanje wat 'n rol gespeel het nie. Inteendeel, die simpatie met Brittanje was betreklik sterk, maar is doelbewus getemper om nie betrokke te word by Brittanje se oorloë in te sluit nie. In die geval van Suid-Afrika was Afrikanernasionalisme in die eerste plek 'n kulturele en politieke nasionalisme, wat gevoed is deur die historiese stryd teen Britse mag soos dit in die Anglo-Boereoorlog neerslag gevind het. Hierdie stryd het sedert die twintigerjare onder die leiding van genl. J.B.M. Hertzog al hoe meer 'n konstitusionele stryd geword wat ná 1936 'n spesifieke vorm as 'n stryd teen die Britse monargale stelsel aangeneem het. In Ierland was die basiese konstitusionele stryd reeds voltrek en het neutralisme voortgevloei uit 'n histories-gevoerde verset teen Britse mag en het dit veral 'n strydpunt oor die posisie van Noord-Ierland geword.

Die binnelandse politiek in die drie lande het ook aansienlik verskil, wat beteken het dat die neutraliteitstandpunte teen hierdie agtergrond verskillend gefundeerd was en toegepas is. In die geval van die V.S.A. het die isolasionistiese standpunt 'n lang geskiedenis wat ten nouste verbind is met sowel Amerikaanse nasionalisme as Amerikaanse buitelandse beleid. In Suid-Afrika het die kwessie direk verband gehou met die politieke stryd tussen die Gesuiwerde Nasionale Party en die Verenigde Party. In Ierland was dit 'n heel ander situasie omdat neutraliteit een van die min sake was waarvoor die politieke partye saamgestem het.

Die belangrikste verskil tussen die drie lande is die wyse waarop die neutraliteitskwessie in elkeen van die lande ontwikkel het en watter implikasies en gevolge dit uiteindelik gehad het. Die neutraliteitsstrewe in die V.S.A. was die strewe van groepe buite die Roosevelt-administrasie. Dit het sy hoogtepunt bereik met die aanvaarding van die Neutraliteitswet in Mei 1937. Roosevelt kon nie anders as om deeglik rekening te hou met die invloed van isolasionisme op die Amerikaanse kiesers nie en daarom was hy baie versigtig in sy pogings om, ten spyte van die Neutraliteitswet, tog Amerikaanse hulp aan Brittanje en die Geallieerdes te lewer. Stap vir stap het hy die V.S.A. weggestuur van 'n beleid van neutralisme na 'n posisie van nie-vegtende bondgenoot en uiteindelik tot volle bondgenoot. Na die Tweede Wêreldoorlog het die V.S.A. betreklik vinnig wegbeweeg van 'n begeerte om tot 'n isolasiebeleid terug te keer na 'n beleid van aanvaarding van 'n leiersrol in die Koue Oorlog.

Die heftige partypolitieke stryd tussen die V.P.-regering en die H.N.P.-opposisie in Suid-Afrika is verder gekompliseer deur die stryd binne Afrikanergeledere tussen die H.N.P. aan die een kant en die Ossewa-Brandwag, die Nuwe Orde, die Gryshemde en die Afrikanerparty aan die ander kant. Tot 1942 het die verwagting van 'n moont-

like Duitse oorwinning 'n valse hoop geskep dat die republikeinse strewe verwesenlik sou kon word. Met die keerpunt in die oorlog teen 1943 het hierdie hoop vinnig verdwyn en het die H.N.P. as die enigste betekenisvolle politieke opposisiegroep na vore getree. In 1948 het dié Party die regering oorgeneem en van die begin af juis wegbeweeg van enige sweem van 'n neutralistiese beleid.

In Ierland daarenteen het die neutraliste konsekwent hul standpunt gehandhaaf en was daar geen verandering in hulle politieke houding teenoor Brittanje nie. Die rede hiervoor is ooglopend: daar het geen betekenisvolle veranderinge in die posisie met betrekking tot Noord-Ierland ingetree nie.